Verwysing: 20200617-6545
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0052/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Om amptenare wat staatsvoertuie (GG-voertuie) gebruik, in te lig oor hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die maandelikse voorlegging van logstate vir GG-voertuie (SMV 2019/08).*

Onderwerp: Maandelikse voorlegging van logstate vir staatsvoertuie (GG-voertuie)

1. Hierdie omsendbrief is hersien, en herroep en vervang Omsendbrief 0027/2015 van 10 April 2015 in die geheel.

2. Die vaslegging van akkurate ritlogstate per GG-voertuig is noodsaaklik vir, inter alia, die volgende:
   - Akkurate ritbesonderhede per amptenaar;
   - Odometervaslegging per GG-voertuig vir die faktuur aan die einde van die maand deur Staatsmotorvervoer (SMV), Kaapstad;
   - Navrae oor beweerde voertuigmisbruik;
   - Ondersoek na botsing/ongeluk;
   - Bestuurderidentifikasie; en
   - Bestuur van verkeersoortredings ingevolge die Wet op die Administratiewe Beregtiging van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998), soos gewysig (strafpuntstelsel).

3. Die faktureringsproses wat deur SMV uitgevoer word, maak op die akkurate voorlegging van die odometerlesings van GG-voertuie staat, wat deur kliënte via die iFleetman-kliëntmodulefasiliteit vasgelê word. Hierdie odometerlesings sal eers deur SMV teen die voertuignasporing of e-brandstofinligting geverifieer word. Dit sal daarna gefaktureer word en die rekening sal via e-pos deurgestuur word na die departement toe vir stawing teen die GG-voertuig se logstate om die betaling te bewerkstellig.

3.1 Neem asseblief kennis dat as voertuie se odometerlesings nie betyds ingestuur word nie, SMV volgens die gemiddelde kilometers wat per GG-voertuig vir die maand afgelê is, sal faktureer.

4. Dit is dus dringend noodsaaklik dat voertuiglogstate stiptelik voor die 23ste van elke maand ingedien word. Hoofkantoor en distrikskantore wat die kliëntmodule op iFleetman gebruik om odometerlesings vas te lê, moet seker maak dat alle odometerlesings van GG-voertuie versamel word en op die stelsel vasgelê word op of voor die 25ste van elke maand.

5. Versuim van vervoeramptenare om logstate van GG-voertuie teen die vereiste keerdatum in te dien, kan aanleiding gee dat GG-voertuie volgens die gemiddelde kilometers gefaktureer word wat 'n nadelige uitwerking op die begrotingsproses sal hê. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal dus genoop word om op te tree teenoor vervoeramptenare wat in gebreke bly om logstate betyds af te sluit en in te dien en stappe vir gevolgbestuur sal gedoen word.

6. GG-voertuie se logstate moet maandeliks voor die 23ste van elke opeenvolgende maand by Hoofkantoor ingedien word. Die aangehegte logstaatrooster moet voltooi word en saam met die logstate ingestuur word. Elke amptenaar wat amptelike vervoer gebruik, is dus verantwoordelik daarvoor om seker te maak dat voertuiglogstate betyds by die vervoeramptenaar afgelewer word.

7. Daar kan vir verdere inligting met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in verbinding getree word:

Mev. F Abdou	Telefoonno. 021 467 2811
Mev. C Albertus	Telefoonno. 021 467 2794
Me. V Ntshinga	Telefoonno. 021 467 2808
Me. A Gana	Telefoonno. 021 467 2715

8. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-26